



# K7 Klankbaan

Uitgawe 09

Oktober 2016

## In Hierdie Uitgawe

- [Briefie in die Pos](#)
- [Loslitdag](#)
- [Tente vol Presente](#)
- [Sosiale Media Seminar](#)
- [Wat lê nog voor?](#)
- [Luister na K7](#)
- [Pitkos](#)
- [Kontak Ons](#)

## Betroubaarheid

**Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveer lief te hê, moet julle mekaar ook van harte en vurig liefhê.**  
1 Petrus 1:22

Om lief te hê en om te gee is nie altyd maklik nie. God is liefde, en ons leer wat ware liefde en omgee is wanneer ons sy kinders word.

“Namate ’n mens leer om in die omhelsing van God se liefde te ontspan, raak jy los van die vrese en bereid om liefde te gee,” skryf Johan Smit.

As Christen is dit jou voorreg en plig om opreg en met oorgawe lief te wees vir almal wat jou pad kruis. Maar dit is nie altyd maklik nie. Om van harte en vurig lief te hê is nie sommer net ’n flouerige liefdesbetoon nie, maar waaragtige omgee wat met dade en passie bewys word. Dit vra iets van jou: dat jy jou eie selfsugtige begeertes en planne opsy moet skuif en ander eerste stel; om liefde te lééf. Tog is dit soveel makliker om lief te hê as God se liefde in jou hart brand.

As jou vriendin jou drie-uur in die nag bel met ’n probleem, moet jy bereid wees om in liefde te help.

Sulke liefde vra nie vrae nie, soek nie verskonings nie, maar doen net. Ongeveins, opreg en met ’n

onblusbare vuur!

Besef jy dat jy ’n ongelooflike manier het om liefde te saai? Net soos sonskyn strooi jy jou omgee strale oor almal in jou lewe ...

**“Wat beteken omgee en liefde vir jou?”**

En jy laat Jesus glimlag elke keer as jy sy liefde so uitdeel.

Ons kan ’n glimlag vir die rondom ons gee, want **vriendelikheid** kos niks nie.

## OMGEE

“Toe hy hom sien,  
het hy hom innig jammer gekry.”

LAAT  
JESUS  
DEUR  
JOU  
LEEF

Ons kan ’n blikkie **kos** of ekstra toebroodjie gee vir die man by die rooi verkeerslig, “*want ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet;*”

Ons kan **klere gee** wat ons nie meer dra of wat nie meer pas nie, “*want Ek was naak, en julle het My geklee*”

Ons kan **water** of koeldrank vir die karwag gee, “*want Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink.*”

Voor jy volgende keer net by iemand verbyry of verbyloop, glimlag eers vir die mens wat daar staan of iets smous. Miskien erken jy iets van jouself in hulle oë en sien jy dalk net die geleentheid raak waar jy ’n verskil in daardie persoon se lewe kan maak soos Jesus dit sou doen.

’n Mens hoef nie groot en aardskuddende dinge vir jou medemens te doen nie. Soms is dit daardie baie klein gebare van medemenslikheid waarmee ons ons omgee en liefde vir ons medemens kan wys. En dit is so belangrik dat ons hierdie gebare van omgee ook oor alle grense heen betoon, ongeag of dit rassegrense of gesagsgrense of watter ander grense ook al is.

Soos Jesus gesê het: “*Elkeen wat vir julle ’n beker water te drinke sal gee omdat julle aan Christus behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek julle.*”

# Loslitdag 2016



As jy 'n cowboy hoed op jou kop sit of Indiaanse vere in jou hare het op 28 Oktober is jy hierdie jaar reg vir Loslitdag. Kanaal 7 en NOAH vier vanjaar die 20ste Loslitdag met die hulp van vele borge. Loslitdag word aangebied met die doel om fondse in te samel vir NOAH (Namibia Old Age Helpfund) om sodoende senior burgers van Namibië wat nie aan 'n mediese fonds behoort nie by te staan deur die verskaffing van mediese hulp.

Loslitdag word hierdie jaar geborg deur Wimpy Namibia (Hoofborg), Alexander Forbes, NHP & Medscheme en FNB Namibië.

Die projekte-span beplan om hierdie jaar nog meer besighede te betrek by die Loslitdag-kompetisie en om sodoende nog meer fondse in te samel vir NOAH. As ons almal saam staan kan ons 'n reuse verskil maak!

Hierdie jaar het selfs die Loslitdag bandjies 'n nuwe baadjie aan. Ons is baie opgewonde en trots op die nuwe blou "Slap band" bandjies. Die armbande kos slegs N\$20.00 elk. En hier het ons weereens die hulp van 'n hele paar instansies wat help met die verkope en verspreiding van die bandjies.

Baie dankie DB Schenker wat die pakkies gratis vervoer.

**"Cowboys en  
Indians is hierdie  
jaar se Loslitdag tema"**

So indien jy nie in Windhoek bly nie of naby Kanaal 7 is nie kan jy jou Loslitdag bandjies by enige van die volgende instansies gaan koop:

Furnmart / Homecorp

Waltons

Wimpy

Loslitdag dien nie net om fondse in te samel nie, maar het die betrokkenheid van talle individue en besighede wat sodoende sorg vir 'n lekker dag van spanbou en goeie gees. Hierdie jaar het ons besluit ons gaan dit bietjie meer interessant maak met die tema Cowboys and Indians. Besighede, skole of individue kan deelneem aan die Loslitdag kompetisie.

Lede kan aantrek soos die tema en die publiek stem dan vir die mees oorspronklikste inskrywings.

Skole en instansies kry ook die geleentheid om te kompeteer vir die prys van die instansie wat die meeste bandjies verkoop.

NOAH en Kanaal 7 is ook baie dankbaar vir elke media vennoot wat weereens hierdie jaar betrokke is en help met die bewusmaking van die projek. Baie dankie aan ons media vennote One Africa TV, One FM, Fresh FM en Omalunga Radio. Sonder elkeen van julle is dit net eenvoudig nie moontlik om al die mense te bereik wat nodig is om 'n verskil in ons land te maak nie.

Die Kanaal 7 projekte span en NOAH het Woensdag, 28 September saam met al die borge, Loslitdag 2016 by die Wimpy in Grové Mall bekend gestel. Baie dankie aan Wimpy wat ook elke jaar hulle restaurant beskikbaar stel vir hierdie doel.





“Genesis 12:2 “ Ek sal jou seën en jy moet tot ‘n seën wees.”

## Tente vol Presente

Kanaal 7 het vir die eerste keer hierdie jaar saam met Agape Windhoek gekuier by die Tente vol Presente skou, vanaf 28 - 30 September en 1 Oktober 2016. Dit was 'n geleentheid soos min ander.

Die dames was omtrent bederf met die mooiste klere, die lekkerste parfuums en die mooiste juwele.

Vir die jongspan was daar springkastele en die aller lekkerste suiker happies wat hul besig gehou het terwyl ma en pa inkopies doen. Die manne kon nie genoeg uitpraat oor die heerlike braaivleis wat bedien was nie.

Selfs vir baba's kon jy die mooiste klere of meubels koop.



Herman Lensing het gesorg vir vermaak en die dames 'n paar kook lesse geleer, of dalk vir die manne ook.



Nostalgie het ook Vrydagaand gesorg vir musiek vermaak en so kon elke skou-ganger heerlik op die gras ontspan



## Sosiale Media Seminar

Die Sosiale Media Seminaar is om die draai en kan ons nie help om uit ons nate te bars van opgewondenheid oor die potensiaal van hierdie projek nie.

Japie Swanepoel die bekende skrywer en sosiale media strateeg in Kaapstad gaan die aanbieder van die seminaar wees op 19 en 20 Oktober 2016 by die Safari Hotel in Windhoek

Die 19de Oktober gaan 'n voldag seminaar wees vir die korporatiewe wêreld en die tema van hierdie dag: Sosiale Media 2017– Wat is jou plan?

Die 20ste Oktober is Japie weer aan die beurt en die keer vir die kerke en nie winsgewende organisasies. Die tema: Het jou kerk of organisasie 'n sosiale media plan vir 2017?

Indien jy graag nog hierdie geleentheid wil bywoon kan jy vir Jeanine of Magda skakel by (061) 420 850 of stuur 'n epos na [jeanine@k7.com.na](mailto:jeanine@k7.com.na) of [magda@k7.com.na](mailto:magda@k7.com.na) en hulle

**Social Media Seminar**  
 Date: 19 October 2016  
 Presenter: Japie Swanepoel (Author, Speaker and Social Media Strategist)  
 Theme: Social Media 2017: What's your plan?  
 Time: 08:00 - 17:00  
 Venue: Safari Hotel Windhoek  
 Fee: N\$ 1,450.00 p/p (Group rates available)  
 Contact: [jeanine@k7.com.na](mailto:jeanine@k7.com.na) / (061) 420850  
[facebook.com/k7radio](https://www.facebook.com/k7radio)

**What to expect?**  
 Do you know what to expect from social media in 2017 for your company or organisation?  
 How will you make Facebook, Pinterest, Snapchat & PR the part of your social media strategy?  
 Is their value in YouTube advertising, beautiful posts on Facebook & Instagram ads?  
 How relevant will LinkedIn, Twitter, Instagram and other sites be in 2017?  
 A full-day, interactive, social media strategy workshop and learn with new ideas, innovative and a better understanding of how to tackle your social media for 2017.

**Social Media Seminar**  
 Date: 20 October 2016  
 Presenter: Japie Swanepoel (Author, Speaker and Social Media Strategist)  
 Theme: Does your Church, Association or Non-profit Organisation have a social media plan for 2017?  
 Time: 08:00 - 15:00  
 Venue: Safari Hotel Windhoek  
 Fee: N\$ 300.00 p/p  
 Contact: [jeanine@k7.com.na](mailto:jeanine@k7.com.na) / (061) 420850  
[facebook.com/k7radio](https://www.facebook.com/k7radio)

**What matters most to you?**  
 \* Members Engagement?  
 \* Promoting Events?  
 \* Fundraising?  
 \* Communicating with your Members?  
 \* Learn how to do this properly on Facebook, Twitter, YouTube and a Blog.  
 \* Promoting services will give you new insights on Facebook, your presence, reaching beyond your club base and growing your organisation through social media.

# Wat lê nog voor?

## Sosiale Media

### Seminaar

Oktober

Sosiale Media Seminaar  
saam met  
Japie Swanepoel  
19 & 20 Oktober 2016

### Loslitdag

Oktober

Kanaal 7 & NOAH Loslitdag  
28 Oktober 2016

## Hallelujah Namibia

Oktober

In samewerking met  
Camp David  
29 Oktober 2016

## 2 Dag Toer

November

Toer na Johannesburg en  
besoek die Angus Buchan  
Sacred Assembly samekoms  
18 - 20 November 2016

## Kusuitsendings

Desember

Kusuitsendings  
12 - 31 Desember 2016



Wonderful news!  
We can say with great joy  
and extreme excitement that we are going  
to Johannesburg to attend the Sacred Assembly  
at the FNB Stadium presented by Angus Buchan

Join us on this 2 day tour from 18 - 20 November 2016  
Limited space available. Entries close on 30 October 2016

Price: N\$ 8,500.00 per person  
All Inclusive

Contact Juanita to make you booking  
Tel: (061) 420 850  
Email: juanita@k7.com.na

## Luister na K7

Vir die van julle wat nog nie  
die goeie nuus gehoor het nie,  
Kanaal 7 kan nou op DSTV  
en GOTV gehoor word in  
Namibië en op DSTV in  
Suider-Afrika.

Meer as Radio

#k7opdstv  
#k7opgotv

Gramadoelas nou beskikbaar op  
DSTV Kanaal 825  
GOTV Kanaal 303

www.k7.com  
Tel: (061) 420 850

Het jy al gehoor van ons  
nuwe veilingsblad  
SobySo? As jy nog nie  
daar was nie, klik op die  
link hieronder en gaan  
loer daar.



## Kontak Ons

Epos: [juanita@k7.com.na](mailto:juanita@k7.com.na)

Luister aanlyn: [www.k7.com.na](http://www.k7.com.na)

Kontak Nommer: (061) 420 850  
Faks Nommer: (061) 240 190

Posbus 20500  
Windhoek  
Namibië

Ara straat  
Doradopark  
Windhoek

Die radiostasie in diens van  
Jesus Christus!



## Hoe leer ek my kinders om te gee?

'n dame het eendag op Goeie Vrydag 'n klomp paaseiers by 'n ouetehuis gaan afluier. Sy wou dit net by ontvangs aflaai. Die matrone het egter vir haar en haar dogtertjie gevra om liewer self die paaseiers te gaan uitdeel, aangesien daar so baie eensame mense is. Sy sê hulle was toe vir 'n lang ruk daar en dat hierdie ondervinding vir haar dogtertjie baie meer beteken het as 'n preek. Ek glo dat dit die wil van God is dat gesinne Sy hande en voete hier op aarde moet wees. Kinders moet in hulle ouerhuse leer dat ons die kerk van Christus is. Ouers moet dit daarom ook aan hulle kinders modelleer. As ouers wys dat hulle omgee vir ander mense, sien die kinders dit en doen dit ook.

Ek glo dat gesinne wat met Jesus se liefde omgee vir ander, ons hele land kan verander. Gesinne wat omgee, kan lei tot 'n herlewing. Wat keer dat ons na ander uitreik? Die lewe is gejaagd en mense is selfgesentreerd. Mense het verkeerde prioriteite. Ouers is dikwels so besig met hulle beroepe en hulle kinders se aktiwiteite, dat hulle nie tyd het om uit te reik na ander nie. Party mense gee bloot nie om nie, omdat hulle nog nie hulle lewens vir die Here gegee en Sy brandende liefde vir mense in nood nog nie ervaar het nie.

'n Gesin wat omgee vir ander, se harte, huis en beursie is oop vir ander mense. So 'n gesin huiwer nie om iemand wat verblyf nodig het in hulle huis te neem en terwyl die persoon daar tuisgaan, hom/haar met Jesus se liefde te bedien nie. So 'n gesin sal op materiële gebied bydra om ander mense se lewe te vergemaklik, met geld, kos, klere en ander benodigdhede. 'n Omgee-gesin sal nie net geken word aan die hulp wat hulle verleen aan mense in nood nie, maar ook die deernis, respek en liefde wat hulle aan ander betoon.

Telkens word dit bewys dat kinders baie baat by ervaringsleer. So kom ons vertel nie net vir ons kinders wat omgee is nie, maar wys hulle ook wat dit is.

*"Kinders baat  
by  
ervaringsleer"*